# Randjienuus

## 22 AUGUSTUS 2025





## *FNB CLASSIC CLASH* DERBY RUGBY

## RANDBURG BRING DIE TROFEE HUISTOE!

Wat 'n dag by die Randburg vs Linden DERBY – 'n ware *FNB Classic Clash* vol gees, passie en Randjie-trots!



**Uitslae:**

- **o/14** – Linden 7 – **Randburg** 6
- **o/15** – **Randburg** 22 – 0
- **o/16** – **Randburg** 22 – Linden 13
- **Tweede span** – **Randburg** 59 – Linden 8
- **Eerste span** – **Randburg** 26 – Linden 5

Met oorwinnings in vier van die vyf wedstryde en 'n algehele puntetelling van 135 – 33 in Randburg se guns, het ons gewys hoekom die bekers net hier hoort!

'n Massiewe dankie aan elke afrigter, speler, Randjie, ouer, Alumni en ons voornemende Randjies wat die dag onvergeetlik gemaak het.  Julle energie het die verskil gemaak!

Ook 'n spesiale dankie aan Hoërskool Linden wat as gasheer opgetree het en vir 'n opwindende derby-dag gesorg het.

Ons Rasieleier vir die Derby 2025 is...**Duan Kriel!**
















VICTORY

# ONS SÊ TOTSIENS!

As jy aan Santi dink, dink jy aan produksie. Aan kreatiwiteit. Aan kultuur. Aan geesvang. Aan Randburg. Na 28 ongelooflike jare by Hoërskool Randburg neem ons vandag afskeid van 'n ware pilaar van ons kultuurlewe – **Juffrou Santi van den Berg.** Sy sprei haar vlerke om eers haar dogter, Marissa, na Duitsland te vergesel en daarna haar seun, Franco, skoondogter en kleinkinders in Amerika te gaan besoek. Met afskeidswoorde van ons onderhoofdogter, Annika Swanepoel, en hoofseun, Liam Smith en 'n dankbetuiging deur mnr. Booysen, het ons haar onbaatsugtige diens en liefde vir die skool erken. 'n Spesiale videoboodskap van oud-leerders het herinneringe laat herleef en trane laat vloei. Daarna het ons saam gesing: die skoollied, een van haar geliefkoosde atletiekliedjies en die skoolkoor het afgesluit met die pragtige Seënbede van Riana Nel en Retief Burger. In ware Randburg-styl het sy haar laaste klok gelui – met haar kollegas wat 'n erewag vorm. Juffrou Santi – **jy het ons harte geraak**. Jy los 'n erfenis van passie, gees en kultuur. **Mag jy hoog vlieg!**















# ROOIDAG 2025

Een van ons mees spesiale tradisies is ons jaarlikse Rooidag waar Randjie-manne die 'rose' in ons skool vier.  Dankie aan elke Randjie-dogter en -onderwyseres.  Julle verander elke normale dag in iets besonders.  Dankie dat julle ons altyd ondersteun, help en liefde toon.  Dit is vir ons lekker om julle op 'n dag soos vandag te sien glimlag.

Met groot waardering,
Elke Randjies-seun
Rooidag – Net vir jou!






# AKADEMIE

## TOPPRESTEERDERFUNKSIE 2025

Jaarliks vier ons, ons **graad 12 akademiese Eerste span** by ons Toppresteerderfunksie. Ons gasspreker vir die aand was **oud-Randjie, Elvis Zondi**, wat sy pad na sukses met ons graad 12's kom deel het. Elvis, jou boodskap van inspirasie sal help om elkeen van hierdie Randjies op hulle pad vorentoe te dra. Baie geluk aan elkeen van die graad 12-leerders wat genooi is. Julle het die afgelope eksamen besondere uitslae behaal. Dankie vir al julle harde werk en deursettingsvermoë. Sterkte met die eksamen wat voorlê. Ons weet sommer reeds dat julle ons trots gaan maak. 'n Spesiale woord van dank gaan ook aan **Col'Cacchios Northcliff** wat die aand baie spesiaal vir ons gemaak het.

















Toppresteerderfunksie








## ROBOTIKA

Hoërskool Randburg het vir die eerste keer aan die WRO *(World Robotics Olympiad)* Gauteng Kampioenskappe deelgeneem. Anja Diedericks en Lukas Brown (albei gr. 8) het as baanbrekers vir Randburg hulle baie goed van hulle taak gekwyt en Randburg se naam hoog gehou. Ons is baie trots op julle en opgewonde oor die toekoms van Robotika.









# LEIERSKAP

## *ICE*-LEIERS

Die leerders het gestem en ons is trots om ons *ICE*-leiers vir 2026 bekend te stel. *ICE (In Christ Empowered)* ontmoet weekliks om saam oor die Woord en dieper dinge te gesels. Die hoofleiers is Machnus van der Merwe (gr. 10) en Aliza de Beer (gr. 11).



Hulle is, v.l.n.r.

**Voor:**

Liam Smith, Shalien Blessie, Aliza de Beer, Ingrid Brümmer, Carla Brümmer, JP Cave

**Agter:**


Reinhardt Louw, Johan Pretoruis, Zach le Roux, Machnus van der Merwe.

Dankie, JP Cave en Liam Smith vir die besonderse wyse waarop julle gelei het.

# KULTUUR

## MODELWERK

**Alicia Duminy (gr. 12)** is amptelik gekies om tydens *South Africa Kids & Teens Fashion Week 2025* op die loopplank te verskyn. Na 'n streng keuringsproses is Alicia uit honderde inskrywings gekies en sal sy op 13 en 14 Desember by *Level Three Premium Venu* in Sandton haar talent vertoon.





*Baie geluk, Alicia en sterkte met jou kompetisie in Desember.*

## DANS


**Annabelle Kirstein (gr. 9)** het op 10 Augustus 2025 aan die nasionale rondte van *Show Your Talent* (deel van *Show Your Talent* Amerika) in die danskategorie deelgeneem.

Sy het **drie goue medaljes** in *Contemporary* (solo), *Lyrical* (solo) en *Hip-Hop* (groep) ontvang en het ook haar **Gauteng provinsiale kleure** ontvang. Hiermee het sy vir die Suid-Afrikaanse span gekwalifiseer wat volgende jaar in New York sal deelneem. Baie geluk, Annabelle, dit wil gedoen wees.




## MUSIEK

**Ruan Visser (gr. 11)** is na strawwe oudisies gekies om aan die Senior Jeug *Concerto*-fees van die Johannesburg simfonie-orkes deel te neem. Dit vind op 2 November in die Linderteater plaas. Dit is voorwaar 'n wonderlike geleentheid en soliste van reg oor die land het vir oudisies gekom. Welgedaan, Ruan. Jy maak ons baie trots!







# REDENAARS

**Reuben Pelzer (gr. 8)** is deur na die *Conspirito Forte* se finale rondte van die Afrikaans Redenaars kategorie. Die finaal vind tussen 29 Augustus en 6 September plaas. Ons sien uit om jou prestasie saam met jou te vier, Reuben!







Baie geluk aan **Ruben Jacobs (gr. 9)** wat 12de eindig by die nasionale finale ronde van die ATKV Redenaarskompetisie wat die afgelope week by ATKV Goudini-Spa plaasgevind het. So praat 'n mens! Welgedaan, Ruben, ons is trots op jou!

# KOOR

Ons koor was vir die naweek van 2 tot 3 Augustus na ons jaarlikse koorkuier by Gimmies in Potch. Ons is die Saterdag deur die NWU PUK-koor ontvang en het die hele dag 'n koor-safari meegemaak. Ons koor het die geleentheid gekry om saam met die PUK-koor te sing! Dit was 'n baie opwindende dag, waar hulle ook die kampus leer ken het. Hoogtepunte was onder andere die *Calvyn*, "Lover's Lane", 'n lesinglokaal en nog baie meer. Saterdagaand het ons aan 'n koorfees deelgeneem, waar Hoërskool Bergsig, Gimmies, Randjies en die NWU PUK-koor gesing het. Dit was 'n lieflike aand met baie mooi musiek. Ons het Sondag saam met Gimmies by die NG Noord-kerk se erediens gesing. Dit was tot groot seën vir die gemeente.








# KOORTOER

**Waar moet ek begin?** Hierdie jaar se koortoer was 'n ervaring wat ek beslis nooit sal vergeet nie!

Ons het by verskeie plekke opgetree en harte aangeraak.  My gunsteling optrede van die toer was toe ons die geleentheid gehad het om saam met die Drakensberg se Seunskoor te sing. Hulle sing nie net nie, dit is 'n hele produksie van 'n opvoering! Dit was werklik een van die beste belewenisse wat ek al OOIT gehad het! Ons optrede en kuier by La Gratitude Ouetehuis was – soos altyd – baie spesiaal. Ons het bejaardes van alle ouderdomme ontmoet en dit was fantasties om hulle lewenswyshede te hoor. Ons is almal so diep aangeraak deur hierdie optrede, dat daar verskeie trane gepik is toe ons totsiens moes sê. Ons het net weereens besef hoe belangrik dit is om betrokke te wees in die gemeenskap en moeite met ons geliefdes te maak. Orals waar ons geslaap het, het ons warm geslaap en onsself trommeldik geëet! Met 'n sappie by elke ete en heerlike nageregte, is daar geen klagtes wat die kos betref nie)  Ons het ook lekker gemeenskap met ons mede-koorlede in ons af-tye gehou, waar ons kon abseil, swem en mekaar se geselskap geniet. Op hierdie toer het ek mense beter leer ken en het ek vriende gemaak met die mees onverwagse vreemdelinge!  Nóg 'n hoogtepunt van die toer was toe ons Nature Rock reptielplaas besoek het. Dit was interessant om die kinders se reaksie op die diere te sien en die busbestuurders wat sommer spring van die skrik vir die slange – dit het die hele uitstappie skreeusnaaks gemaak! Dit was ook baie spesiaal om die slange, spinnekoppe en ander ongewone diere te kon vashou en hulle teksture te voel. Laastens, was die natuurskoon onvergeetlik! Die berg-uitsigte het my net weereens bewus gemaak van hoe wonderlik God se skepping is en hoe vinnig ons dinge as vanselfsprekend aanvaar.  Al die aktiwiteite en belewenisse wat die toer ingehou het, het verseker dat my en my mede-koormatrieks se laaste koortoer een vir die boeke was! Ek is so dankbaar vir hierdie geleentheid en ek sal die herinneringe van die toer vir die res van my lewe koester!

*Ingestuur deur Ingrid Bekker*








## Randjie-koor in die Drakensberge!

Ons koor het Saterdag, 19 Julie 'n onvergeetlike ervaring beleef toe hulle saam met die **wêreldbekende Drakensberg Seunskoor** in die hartjie van die Drakensberge opgetree het. Wat 'n voorreg om op so 'n ikoniese verhoog te sing – iets wat ons vir altyd sal koester. Pragtig gesing, Randjies! Julle het ons hartsnare geroer en ons ongelooflik trots gemaak. By die optrede was daar mense van regoor die wêreld teenwoordig – van Brasilië, Pole, Hong Kong, Engeland tot Frankryk.

DRAKENSBERG
BOYS CHOIR SCHOOL






Na ons koor se optrede saam met die Drakensberg Seunskoor het hulle ook die Dragon Rock Reptielsentrum besoek. Wat 'n opwindende ervaring! Ons Randjies het baie nuwe dinge gesien en geleer – van slange en akkedisse tot skilpaaie en krokodille! 'n Dag vol leer, ontdekking en avontuur – beslis iets wat saam met ons Randjies sal bly!



Ons koor het op 20 Julie die voorreg gehad om by die NG Kerk Bergville op te tree. Dit was 'n wonderlike oggend vol mooi musiek, geloof en gemeenskap — en ons Randjies het harte aangeraak. Ons wil graag die NG Kerk Bergville bedank vir die warm ontvangs en die spesiale geleentheid om saam met julle te kon wees. Na die diens het ons heerlik by die Drakensville Avontuursentrum gekuier, waar groot pret en vermaak op ons gewag het! Van muurklim tot boogskiet! Dankie aan almal wat hierdie dag so spesiaal gemaak het. Ons koor het hul Drakensberg-toer op 'n hoogtepunt afgesluit deur aan 'n pragtige koorfees by Hoërskool Newcastle deel te neem. Dit was 'n besonderse aand, gevul met die mooiste musiek en kosbare herinneringe. 'n Hoogtepunt van die aand was toe Juf. Trudi van Wyk deur Hoërskool Newcastle vereer is vir haar baanbrekerswerk tussen 1985 en 2000 beide in die musieksentrum en met die kore van Noord-Natal – 'n baie spesiale en emosionele oomblik vir almal teenwoordig.



Ons Randjies bring vreugde by La Gratitude in New Castle. Ons koor het by **La Gratitude Aftree-oord** opgetree – en dit was 'n oggend om te onthou! Die Randjies het nie net hul talente gedeel nie, maar ook met warmte en liefde saam met die inwoners gesels en gekuier. Die besoek was besonder vir twee Randjies wat hul eie ouma en oupa kon sien! Dankie aan La Gratitude vir die geleentheid om tyd saam met julle te kon deurbring!




## TRANSORANJE SKOOL VIR DOWES KOM KUIER

Ons koor het hul eerste Hoërskool Randburg Koorfees vir Hoërskole aangebied. Dit was 'n emosionele en pragtige aand. Hoërskool Florida, Hoërskool Linden en Transoranje Skool vir Dowes het saam met ons kom sing. Dankie, Randjies dat julle al ons vriende so hartlik verwelkom het en dat julle soos altyd so pragtig gesing het.








# MATRIEKSPOGAAND

Die matrieks wat Drama as vak neem, het op 5 Augustus met hulle beste werk in die BlouSter-teater gespog. Dié Matriekspogaand was, soos elke jaar, weer 'n hoogtepunt, met werk van hoogstaande gehalte. Die teater was vol en die gehoor het die komiese items baie geniet en saam gevoel met die ernstige en dramatiese items.





# SPORT

## KARATE




**Zachary Combrink (gr. 8)** skitter op **nasionale** én **streeksvlak**. Ons is ongelooflik trots op Zachary, 'n **swartbelt** in karate, wat uitstekend by die SARMAF Nasionale Kampioenskappe presteer het. Hy het aan drie afdelings deelgeneem en die volgende uitslae behaal:

*Kata* – **Eerste plek**
*Kumite* – **Tweede plek**
Wapens – **Eerste plek**

Met hierdie puik prestasie ontvang Zachary vir die derde jaar in 'n ry **Suid-Afrikaanse kleure** – 'n ongelooflike prestasie en bewys van sy toewyding en talent.







Asof dit nie genoeg was nie, het hy ook op 2 Augustus 2025 aan die *Southern Gauteng Championships* in Boskruin deelgeneem. Hier het hy weer sy vaardighede gewys en 'n:

**Eerste plek** in Kata
**Eerste plek** in Kumite behaal.

Zachary is 'n ware kampioen en 'n inspirasie vir sy mede-Randjies. Ons sien uit om te sien waar sy pad hom volgende neem.

## FIETSRY



Ons **fietsryspan** het weer gewys waarvan hulle gemaak is. Op Saterdag, 16 Augustus het ons span die uitdagende, tegniese en stowwerige baan by *Eye of Africa* vol selfvertroue aangepak. Ons is ongelooflik trots op elke leerder wat die skool se naam in die *CycleLab*-reeks hoog hou.



Uitslae (in onderskeie ouderdomsgroepe):

- **Eerste plek** - Evan Naude
- **Tweede plek** - Hannah Lansdell
- **Derde plek** - Jayden Naude
- **Vyfde plek** - Erik Breedt
- **Sewende plek** - Kirstin Roos
- **Agtste plek** - Natasha Swart
- **Elfde plek** - Reinhardt Strydom





## TENNIS

### ATKV BUFFELSPOORT TENNISTOERNOOI 2025

**Randburg se A- en B-seunsspan en 'n dogterstennisspan** het op 1 tot 3 Augustus vir die eerste keer aan die ATKV Buffelspoort tennistoernooi deelgeneem. **Die A-seunsspan** het die toernooi oortuigend gewen, terwyl die **B-seunsspan** derde geeïndig het. Ons is ook baie trots op die dogters wat vierde uit agt spanne geëindig het. Baie geluk! Julle maak ons trots. Ons sê dankie aan *Buffelspoort Tournaments* vir 'n heerlike naweek en 'n fantastiese toernooi.

| Seuns A | | Seuns B | | Dogters | |
|---|---|---|---|---|---|
| Groepwedstryde | | | | | |
| 24 – 0 | Hoogenhout B | 23 – 12 | Hoogenhout A | 19 – 16 | Pietersburg B |
| 24 – 0 | Noordheuwel | 22 – 14 | Centurion | 3 – 24 | Marais Viljoen A |
| 24 – 0 | Curro Nelspruit B | 22 – 14 | Curro Nelspruit A | 24 – 7 | Curro Nelspruit |
| 22 – 10 | Pietersburg A | 21 – 10 | Pietersburg B | | |
| 24 – 7 | Marais Viljoen A | 24 – 1 | Marais Viljoen B | | |
| Semi-finaal | | Semi-finaal | | Semi-finaal | |
| 24 – 7 | Centurion | 10 – 22 | Pietersburg A | 7 – 24 | Hoogenhout |
| Finaal | | Posisie 3 en 4 | | Posisie 3 en 4 | |
| 23 – 7 | Pietersburg A | 22 – 10 | Centurion | 12 – 21 | Marais Viljoen B |



# GHOLF

Ons gholfers het op 29 Julie die eerste van drie rondtes in die Wesrand Liga teen sterk kompetisie van skole soos Linden, Monument, Curro Krugersdorp, KHS, Noordheuwel en Riebeeckrand afgeskop. Ons spelers het hul goed van hul taak gekwyt en Hoërskool Randburg lê tans gesamentlik vierde in die liga. Baie geluk aan **Franco Colin en Jaco Kahts (albei gr. 10)** wat hul plek onder die top tien spelers verseker het.






Na drie suksesvolle rondtes het ons gholfers in die Wesrand liga as volg geëindig:

- Randburg A - **Vierde**
- Randburg B - **Sesde**
- Randburg C - **Agtste**
- Randburg D - **13de**



Welgedaan! Baie geluk aan **Franco Colin (gr. 10)** wat algeheel derde geëindig het. Ons sien uit na die volgende liga wat begin in September.

# RUITERSPORT

Die SANESA Gauteng distrikskampioenskappe het op 2 tot 3 Augustus by Kyalami Equestrian Park plaasgevind. Die perde het geblink en die maanhare was besonder gevleg. 'n Mens kon beslis waaneem dat dit strawwe kompetisie is. Baie geluk aan **Heike Steyn (gr. 12) en Mareli Wassermann (gr. 11)** wat pragtig presteer het.

### Heike Steyn en *Daydream Jiveman*

- ★ **4de plek** - *In-hand Utility Third Level*
- ★ **6de plek** - *Beginner Hunter 60cm*
- ★ **8ste plek** - *Working Riding First Level*

### Mareli Wassermann en *Ace in the Hole*

- ★ **2de plek** *Dressage Freestyle – Prelim*
- ★ **4de plek** *Prix Caprilli – Beginner(b)*
- ★ **15de plek** *Prix Caprilli – Beginner(a)*
- ★ **12de plek** *Performance Riding Third Level*
- ★ **14de plek** *Dressage - Novice/DSA First Level(a)*
- ★ **18de plek** *Dressage - Novice/DSA First Level(b)*



Beide ruiters kwalifiseer vir die Gauteng nasionale span wat tydens die Oktobervakansie sal deelneem. Baie sterkte en ons is baie trots op julle.

**Heike Steyn**
**en *Daydream Jiveman***

**A-span** - *In-hand Utility Third Level*
**B-span** - *Beginner Hunter 60cm*
**B-span** - *Working Riding First Level*

**Mareli Wassermann**
**en *Ace in the Hole***

**A-span** - *Dressage Freestyle – Prelim*
**A-span** - *Prix Caprilli – Beginner(b)*
**Reserwe** - *Performance Riding Third Level*



# SKUTS

**GSSU Liga 4** – 'n baie koue, maar goeie skietkompetisie! Op 8 en 9 Augustus het ons skuts die koue by Hoërskool Florida se skietbaan vir die GSSU Liga 4-kompetisie getrotseer. Dit was sekerlik die koudste wat ons nóg op die baan gekry het, maar dit het nie ons span se gees of fokus gedemp nie! Ons is ongelooflik trots op die prestasies van ons skuts:

**Sporter o. 21:**
Goud - Bianca Janse Van Rensburg
Silwer - Etienne Van Der Merwe
Brons - Kyle Fölscher
5. Byron De Bruyn
9. Dané Moolman

**Sporter o. 16:**
5. Annabelle Kirstein
12. Cara Pretorius
17. Janco Snyman

**Sporter o. 14:**
Goud - Neil Knoesen
5. Karien Botha
6. Minay Van Der Merwe
11. Reuben Pelzer

**Pistool o. 21:**
Brons - Chantal Van Der Bank

**Pistool o. 16:**
4. Madison Burges






# SWEM

Ons het 'n paar swemgalas agter die blad. Kom ons kyk na van die **fantastiese uitslae.**

*CGA Wintergala* 12 Julie 2025

★ **Nardus Breedt (gr. 8):**
Eerste - 50m rugslag
Eerste - 100m vlinder
Tweede - 50m kruipslag
Vierde - 200m kruipslag







*CGA Wintergala* 2 Augustus 2025 by Reddam House Helderfontein

★ **Nardus Breedt (gr. 8):**
Tweede - 100m rugslag
Tweede - 1500m
Vierde - 200m rugslag

★ **Carli Coetzee (gr. 9):**
Derde - 200m wisselslag
Negende - 100m rugslag
Vyfde - 50m borsslag
Agtste - 200m rugslag

★ Thomas Pretorius (gr. 10):
Eerste plek – 100m borsslag
Tweede plek – 100m rugslag
Derde plek – 50m borsslag
Vierde plek – 200m individuele wisselslag




*CGA Steve Haupt Short Course Senior Champs* van 15 tot 17 Augustus by Reddam House Helderfontein

★ Carli Coetzee (gr. 9):
Tiende plek - 50m borsslag
Agtste plek - 200m borsslag
Tiende plek - 100m borsslag

★ Bokkie Maruping (gr. 8):
Tweede plek - 200m vlinder
Derde plek - 800m vryslag
Derde plek - 400m wisselslagaflos
Derde plek - 200m wisselslagaflos
Derde plek - 400m vryslagaflos




★ Simoné van Aswegen (gr. 8):
Tweede plek - 50m borsslag
Tweede plek - 100m borsslag
(en behaal .n SANJ tyd- 1:17:80)
Tweede plek - 200m borsslag

★ Thomas Pretorius (gr. 10):
Negende plek - 50m borsslag
Vyfde plek – 200m borsslag
Sesde plek - 100m borsslag













★ Megan Kleynhans (gr. 10):
Tweede plek – 100m vryslag
Derde plek – 200m vryslag
Derde plek – 200m rugslag
Tweede plek – 4x 100m gemengde wisselslag-aflos
Tweede plek – 4x 100m gemengde vryslag-aflos

Megan kwalifiseer om aan die *SA National Short Course* swemkampioenskappe deel te neem wat van 25 tot 28 September in Pietermaritzburg plaasvind.

# HOKKIE

Hoërskool Randburg het vanjaar vir die heel eerste keer aan die Pullen en Howell hokkietoernooi deelgeneem – en hoe trots is ons nie op ons dogters nie! Albei ons dogterspanne (o.16's en Eerstes) begin dus in die B-afdeling van die toernooi. **Dogters o.16** speel uit vir negende tot twaalfde plek. In hul eerste wedstryd wen hulle 2-0 teen Fourways om na die uitspele vir negende tot tiende plek deur te dring. Tydens hulle tweede wedstryd wen hulle 1-0 teen Edenvale High om die negende plek vir die toernooi te behaal.






Die **Eerste spandogters** neem aan die finaal van die B-Afdeling deel waar hulle ongelukkig teen Steyn City in die finaal vasval. Hulle verloor 0-2. Die dogters stap met 'n silwer medalje weg – en dit met die eerste deelname aan die toernooi! Baie geluk aan beide spanne.






# NOORDVAAL KAMPIOENSKAPPE 2025

**Hoërskool Randburg se trots!**

Wat 'n ongelooflike prestasie! Hierdie jaar het Hoërskool Randburg met trots ses spanne gehad wat gekwalifiseer het om aan die Noordvaal-kampioenskappe deel te neem – 'n groot mylpaal vir ons skool en hokkieprogram.

Teen van die sterkste skole in die streek het ons Randjies gewys wat vasbyt, spanwerk en trots in jou skoolkleure beteken. Ons is ongelooflik trots op elke speler en afrigter – julle het Hoërskool Randburg se naam met waardigheid en trots gedra. Hier volg die uitslae vir al **ses spanne.**

- O/14-seuns: 11de van 12 skole
- O/15-dogters: 12de van 16 skole
- Eerste span-seuns: derde van 16 skole
- O/14-dogters: agtste van 16 skole
- O/16-dogters: sesde van 16 skole
- Eerste span-dogters: tweede van 14 skole

# NOORDVAAL























## Klerebank

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorainne Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

**TYE – 12:30 TOT 14:15 (WOENSDAGMIDDAE)**

**Kaartbetalings alleenlik na 14:00**




## Randjie Gebedswag

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**Donderdae, 07:30 tot 08:30 in SAU.**
**Almal is welkom!**



## Parkering

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.**
**<u>Prosedure</u>:** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.





**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**










Familie-braai en pretdag
met Heinz Winckler
Erfenisdag
Woensdag 24 September
Bring jou vriende en familie saam en kom deel in die lentefees!
• Boeresport • Spring met blydskap springtoukompetisie en afskop van veldtog - met prettige pryse • Bring jou springtou saam of kom koop of skenk een vir 'n minder bevoorregte Gr R-kind @ R50
• Bekendstelling van Portchie-Sprankeljoernaal en Neuro-Wenners
Tyd: 14:00 - 17:00
Plek: Gereformeerde Kerk Linden, 7de straat 77, Linden.
Kaartjies:
Volwassenes: R150 pp
Kinders 6 - 18 jaar: R50 pp
Worsbroodjies en wyn is ingesluit.
Spring met blydskap!
Kaartjies by Quicket
WAG tot Graad 8
Geen fone by skole
NEURO-WENNERS
Ten bate van die TechnoLife Wise Stigting
Navrae en borge: Dr Marlena Kruger
hello@technolifewise.org
www.technolifewise.org
TechnoLife Wise
FOUNDATION


Discover
The Sweetness of Nature
Visit our Highveld Honey Farm Shop at 186 Uys Street, Benoni for the finest Farm Fresh Honey.
Open Monday to Friday 8:00am - 5:00pm & Saturday 8am - 1:00pm
100% Pure and Natural Raw Honey
Locally Produced by Our Own Bees
Rich in Flavour
www.highveldhoney.co.za
011 849 1990
@highveldhoneyfarms


COL'CACCHIO
NORTHCLIFF
KIDS' PLAY AREA
every wednesday
2 FOR 1
BUY ANY PIZZA, PASTA OR SALAD & GET A ANOTHER ONE FREE.
FUNCTION VENUE | SIGNATURE MENU
L'CORRO SHOPPING CENTRE | 011 431 3538
OFFER VALID ON WEDNESDAYS FOR A LIMITED PERIOD ONLY. SIT-DOWN AT COL'CACCHIO NORTHCLIFF ONLY. CHEAPEST ITEM IS FOR FREE. T&CS APPLY.


CEDAR SOLAR
Sny jou kragrekening met sonkrag – Kry 'n GRATIS
ENERGIE OUDIT
GRATIS OUDIT
Vind uit hoeveel jy kan bespaar met 'n pasgemaakte sonkragoplossing – geen koste, geen verpligting.
Cedar Solar is gebaseer in Honeydew
Vinnige, lokale ondersteuning in JHB
15 Jaar in die industrie
Gekwalifiseerde In-Huis Tegnikusse
Goedgekeur by Groot Banke
SCOUT
Google rating
4.7
WhatsApp 060 893 2996 om 'n terreinbesoek te bespreek.
Besoek Ons Vorige Projekte Aanlyn
www.cedarsolar.com
Cedar Solar - 011 794 4664 - info@cedarsolar.com - Unit 8 Cranberry Industrial Park, Honeydew, 2170. T& C's Apply.


TRIUMPH
Mathematics
Wiskunde Privaattutor
By Triumph Mathematics verdien kinders om hulle volle potensiaal te bereik.
En 'siblings' geniet nou 20% afslag!
Kontak ons gerus:
Karlienjohnson1@gmail.com
www.triumphmaths.com
082 566 5917


LAUDEM DEI
OUR FAVOURITE CHOIR WORKS FEATURING
SUNRISE MASS
OLA GJEILO
WITH MEMBERS FROM THE JOHANNESBURG PHILHARMONIC ORCHESTRA
ST STITHIANS CHAPEL | 15H00
SATURDAY, 6 SEPTEMBER
3 CHAPEL DRIVE, ST STITHIANS COLLEGE
R150 PER PERSON
FOR BOOKINGS & MORE INFORMATION
LAUDEMDEICHOIR@GMAIL.COM




**R700 per person**
**Incudes:**
Course manuel
Coffees, rusk and light snacks

**Discount:**
Family and group bookings
See website for more details

**Times:**
Friday 18h00 to 22h00
Saterday 09h00 tot 22h00

**Extra:**
Lunches/ Dinners can be booked online

**R700 per persoon**
**Ingesluit:**
Kursus handleiding
Koffies, beskuit en ligte versnaperinge

**Afslag:**
Familie Pakette en groep besprekings
Sien webtuiste vir pryse

**Tye:**
Vrydag aand 18h00 to 22h00
Saterdag 09h00 tot 22h00

**Extra:**
Etes kan vooraf bestel word via die webwerf



NOORDELIKE HELPMEKAAR STUDIEFONDS

ONS HELP MET JOU STUDIELENING

# Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIêRE ONDERRIG in Suid-Afrika

## NHS BIED DIE VOLGENDE:

### Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

### Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima mins 3 %.

## KONTAK ONS

(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

noordelikehelpmekaarstudiefonds.org

# WINTER IS OPPAD:
# IS JOU SEKURITEIT REG?




Terwyl die winter nader kruip, is baie van ons besig om ons klerekaste uit te pak en die tuin reg te maak. Maar het jy al daaraan gedink om jou huis se sekuriteit ook 'n bietjie aandag te gee?

Met die dae wat korter word en die nagte langer, is dit die perfekte tyd om jou sekuriteitstrategieë te bekyk en seker te maak hulle is reg vir al die uitdagings wat die koue bring.

Ons stel voor dat jy so gou moontlik jou sekuriteitstelsels deeglik nagaan. Kontak jou sekuriteits-maatskappy en toets die alarm en paniekknoppies. Reël sommer 'n tegniese diens indien nodig.

Hierdie toets is baie belangrik! As die stelsel nie reg werk nie, sal die paniek sein dalk nie by jou sekuriteitsmaatskappy uitkom nie, en hulle sal dalk nie eers weet daar is 'n noodgeval by jou huis nie.

Die beste is om by die buitekant van jou erf te begin en so na binne te werk. Dink soos 'n skelm en kyk of jou heining of mure, tuin, vensters, deure, tuinskuur, motorhuis, ens. enige swak plekke het wat 'n skelm kan gebruik tot sy voordeel.

## FIDELITY ADT BIED NOG 6 LEKKER WENKE AAN OM HIERDIE WINTER VEILIG TE BLY:

**1**
Maak seker jou straatnommer is steeds duidelik sigbaar in die geval van 'n noodgeval. Dit kan kosbare tyd spaar vir die reaksiespan as hulle moet kom help.

**2**
As jy jou honde saans binne bring, vra jou sekuriteitsmaatskappy om jou alarmstelsel so op te stel dat dit steeds 'n vroeë waarskuwing gee, al is die diere binne.

**3**
Verseker dat jy 'n rugsteunkragbron het om ligte, hekmotors, en sekuriteitstelsels te alle tye aan die gang te hou.

**4**
Sit eksterne sensors vroegaand al aan sodra almal by die huis is.

**5**
Wees wakker en op jou hoede wanneer jy by die huis wegry en aankom. Misdadigers maak gebruik van die langer ure van donkerte in die winter en is nie bang vir die koue nie!

**6**
Maak seker jou sekuriteitsmaatskappy het die nuutste kontakbesonderhede van die sleutelhouer.

Sekuriteitsbehoeftes verander saam met die seisoene. Terwyl ons voorberei om meer tyd binnenshuis deur te bring, kan jy met hierdie wenke die gemoedsrus hê om te weet dat jou sekuriteitsroetines net so wintergereed is soos jy!

FIDELITY SERVICES GROUP
ADT
086 12 12 400 / 086 12 12 401
www.adt.co.za
facebook.com/ADTsa
@fidelity_adt_security
@FidelityADT

# SEPTEMBER 2025

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| **Toets 6**<br>**Gr 10&11 LO taak inhandiging**<br>Admaths 17:00-18:30<br>Netbal: MNLights<br>Tennis: Seuns-C-span (mbw)<br>A Capella oefening<br>Gr 12 LO 9-11:30<br>Gr 12 Afr (v3) 14-17:00 | Koor: Her-oudisies 17:30<br>Gr 12 Rek (v2) 9-11:00<br>Gr 12 RTT (t) 14-17:00 | **Verjaar: D Le Roux**<br>**Toets 7**<br>Tennis: Bethlehem Tennistoer<br>Robotics League 14:15 B4<br>Atletiek: Lentebyeenkoms (t)<br>Dogterskrieket vs Monument (t)<br>Gr 12 ENG FAL (p2) 9-11:30 | **Verjaar: E Mans**<br>Tennis: Bethlehem Tennistoer<br>A Capella oefening<br>Gr 12 Gesk (v1) 9-12:00 | Tennis: Bethlehem Tennistoer<br>**Lentedag**<br>Gr 12 Wisk & Gelets (v1) 9h | Tennis: Bethlehem Tennistoer<br>Skaak: Toernooi Atrium 08:00 | |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| **Toets 8**<br>Admaths 17:00-18:30<br>Netbal: MNLights<br>Tennis: Dr Malan (t)<br>BL-Vergadering<br>A Capella oefening<br>Seunskrieket vs Kemptonpark (t)<br>Gholf Sent Gauteng Liga<br>Gr 12 Wisk/Gelets 09h | **Verjaar: E Potgieter**<br>Koor: Her-oudisies 17:30<br>Tennis: Dogters St Peters (t)<br>Gr 12 Bes (v1) 9-11:00<br>Gr 12 Drama 9-12:00 | **Verjaar: R Hoar**<br>Robotics League 14:15 B4<br>Dongterkrieket vs Steyn City (t)<br>Gr 12 Geo (v1) 9-12:00 | **Toets 9**<br>A Capella oefening<br>Seunskrieket vs Redhill (t)<br>Gr 12 Eko (v1) 9-12:00 | Atletiek: Egoli<br>A Capella Uitdunne Waterkloof Pta<br>WOW Spelfees @ L/S Fairland<br>Tennis: Seuns A & B (mbw)<br>Seunskrieket vs Redhill (t)<br>Gr 12 FW (v1) 9-12:00<br>Gr 12 Dans 9-12:00 | Netbal: Gauteng Fast 5 uitspele<br>A Capella Uitdunne Waterkloof Pta<br>Fietsry: Byeenkoms 5<br>ATG Karate – Atrium 07:00<br>Rugby vs HS Brandwag<br>Seunskrieket vs Redhill (t) | |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| **Verjaar: J Clifford**<br>**Toets 10**<br>Admaths 17:00-18:30<br>Netbal: MNLights<br>Tennis: Seuns-C-span (mbw)<br>A Capella oefening<br>Gholf Sent Gauteng Liga<br>Gr 12 FW (v2) 9-12:00 | Kooroefening 17:30-20:00<br>Tennis: Dogters A&B St Mary's (t)<br>Gr 12 Geo (v2) 9-12:00 | Robotics League 14:15 B4<br>Tennis: Marais Viljoen (w)<br>Dogterskrieket vs Noordheuwel (t)<br>Gr 12 BES (v2) 9-11:00 | **Toets 11**<br>A Capella oefening<br>Gr 12 Gesk (v2) 9-12:00 | **Verjaar: John Makeng**<br>Atletiek: Curro Podium Uitdunne<br>Gr 12 LW (v1) 9-11:30<br>Gr 12 Ontwerp 14-17:00 | Rugby vs HS Bergsig | |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| **Verjaar: J Deale**<br>**Toets 12**<br>Admaths 17:00-18:30<br>Netbal: MNLights<br>A Capella oefening<br>Gr 12 LW (v2) 9-11:30<br>Gr 12 VIS kuns 14-17:00 | **Toets 13**<br>Kooroefening 17:30-20:00<br>Tennis: Dogters Linden (w)<br>Gr 12GVS 9-12:00<br>Gr 12 IGO (v2) 14-17:00 | **Erfenisdag**<br>Atletiek: Top 30<br>Dogterskrieket vs Northcliff (w) | **Gr 8-11 Punte in (D6)**<br>Fotografieklub<br>A Capella oefening<br>Atletiek: Top 30<br>Gr 12 EKO (v2) 9-11:00<br>Gr 12 IT (t) 14-17:00 | Kooroptrede saam met Joshua na die Reën FGK<br>Gr 12 Toerisme 9-12:00 | | Koor: Optrede FGK |
| 29 | | 30 | | | | |
| Admaths 17:00-18:30<br>Netbal: MNLights / QMS Voorbereiding /**Alle Gr 12 punte in**<br>A Capella oefening | Kultuursensitiwiteit WW Gr 8-11<br>SF Sessie met Lidia<br>Gr 12 Kuns (v2) 9-15:00 | Kooroefening 17:30-20:00<br>SF Opleiding tot 14:00-17:00<br>Gr 12 Ontwerp (v2) 9-15:00<br>Tennis: Dogters St Stitians (t) | | | | |